

**Teks:**

**Handelinge 20:35b** – “Om te gee maak ‘n mens gelukkiger as om te ontvang.”

**Fillippense 2:3-4** – “Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.”

**Hulpmiddels:**

- ‘n Lappie om oor die voorwerpe te gooi
- Verskillende voorwerpe soos doppies, eierhouers, leë melkhouers, ensovoorts.
- Opsioneel: ‘n Spieël om tydens die storie te gebruik
- Opsioneel: ‘n Stuk glas om tydens die storie te gebruik
- Afskrifte van sirkels
- ‘n Skoenboks en ‘n groter boks
- ‘n Groot boks Smarties

**Welkom:**

**“I spy with my little eyes”:** Speel “I spy with my little eyes” met die kinders. Verwys eers na iets na buite, sodat kinders by die venster moet uitkyk. Dan verwys jy na iets wat binne die vertrek is. Die kinders kry geleentheid om te probeer soek waarna jy verwys.

**“All in one”:** Sit verskillende voorwerpe soos koeldrankdoppies, toiletrolletjies, eierhouers, toutjies, ens. onder ‘n stuk lap. As die kinders gereed is, haal jy die lap van die voorwerpe af en kinders kry ‘n sekere tyd om te dink wat hulle nog alles met daardie voorwerpe kan doen. (Ons wil daarop fokus dat ‘n mens sulke voorwerpe ook vir ander goed kan gebruik en ander goed daarmee kan maak.)

Dis **smart** om goed rondom jou te kan raaksien en te kan dink hoe jy iets kan gebruik. Ons is mos almal **smart** en hou daarvan om **smart** te wees. Wie van julle wil **smart** wees? (Gee geleentheid vir kinders om hande op te steek.) Vir wie was dit lekker om dit wat jy met die speletjies moes soek, raak te sien en nog idees uit te dink oor hoe jy die goed onder die lap kan gebruik?

Dit laat my dink aan ‘n storie van ‘n baie ryk man en wat met hom gebeur het toe hy nie by sy venster uitkyk het nie.

Hierdie man het alles gehad wat geld kon koop. Hy het die beste van alles gehad. Die beste klere, karre, die grootste huis, al die geld wat hy wou hê. Sy huis het aan die een kant net vensters gehad. Op die ander muur van sy huis was daar spieëls gewees. Hy was altyd so besig om goed te koop vir homself en in sy eie huis te sit, dat hy nooit by die vensters uitkyk het nie. Eendag, terwyl hy so sit, besef hy dat hy baie ongelukkig is. Hy vra toe vir een van sy werkers om vir hom die mees wyse man in die land te gaan kry. Hy sê: “Ek sal hom enigiets betaal om my weer gelukkig te laat voel.” Toe die wyse man hoor van die ryk man se ongelukkigheid, het hy hom voor die groot venster in sy eie huis laat staan. “Wat sien jy as jy deur die venster kyk?” het die wyse man gevra. “Ek sien ‘n arm vrou wat bedel. Ek sien honger kindertjies wat nie skoolgaan nie. Ek sien ‘n seun wat ‘n ou oom help om oor die straat te stap.” Die ryk man het sommer weer lewe in sy stem gekry. Toe neem die wyse man hom na die spieël toe. “Wat sien jy nou?” “Ek sien myself,” het die ryk man geantwoord. “Kom ek vertel jou iets,” het die wyse man gesê. “In ‘n venster is daar glas en in ‘n spieël is daar ook glas. As jy deur die venster kyk, sien jy ander mense se behoeftes raak. As jy silwer by die glas voeg, word die glas ‘n spieël waarin jy net jouself kan raaksien.” Daardie woorde het die ryk man se hele lewe verander. Hy het opgehou om na homself te kyk en begin om ander se behoeftes raak te sien. Hy was nie meer so selfsugtig en gierig nie, maar het gekyk waar hy ander mense kan help en sy goed met ander kan deel. Van toe af was hy vir die eerste keer ‘n baie gelukkige man.

Hierdie storie laat my dink aan wat in **Handelinge 20:35b** staan. Daar staan: “Om te gee maak ‘n mens gelukkiger as om te ontvang.”

In **Fillippense 2:3-4** staan daar ook: “Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.”

Ons het mos gesê ons wil almal **smart** wees. Ek kan nie die woord **smart** sê sonder om lus te raak vir Smarties nie. *Haal die boks Smarties uit en gee vir elkeen/of iemand wat die week verjaar, ook daarvan.* Het julle gesien wat staan op die kant van ‘n boks Smarties? Wotalotigot. Sommer so aaneen geskryf. Ons het inderdaad baie. Om **smart** te wees, het ons mense nodig wat ons leer, help en vir ons lief is. Ons het die Here, ons ouers, onderwysers, ander ooms en tannies, by wie ons baie kan leer. Maar het julle geweet dat daar maats is wat nie bevoorreg is om ‘n mamma en pappa te hê by wie hulle kan leer oor hoe om **smart** te wees nie. Sommige het nie eers ‘n huis waar hulle kan veilig voel nie. Sommige kan ook nie bekostig om skool toe te gaan om te kan leer nie, omdat hulle mammas en pappas dalk nie ‘n ordentlike werk kan kry nie. Weet jy dalk van maatjies wat jy weet glad nie kan skool toe gaan nie, omdat hulle mamma of pappa dit nie kan bekostig nie? (gee geleentheid vir kinders om te dink)

Ons het almal ten minste vier goed nodig om ons te help om **smart** te wees:

1. **‘n Veilige plek om in te bly:** As ons deur ons venster kyk, sien ons dat daar baie maats is wat nie eers ‘n veilige huis het om in te woon nie. So baie maats weet nie waar hulle vanaand gaan slaap nie. Ander maats is bang om terug te gaan huis toe.  
**Ek wonder waar voel jy veilig.**
2. **Almal het gesonde kos nodig:** Ons het almal gesonde kos nodig om gesond te wees en te groei. Daar is so baie maats wat nie eers weet of hulle vandag kos gaan kry nie. **Ek wonder watter kos eet jy.**
3. **Almal het liefde nodig:** Ons het almal liefde nodig. Pappa en Mamma wat vir jou lief is; Juffrou wat vir jou lief is; maats wat vir jou lief is. Om vir iemand lief te wees, is om vir iemand om te gee en jy voel sommer veilig by daardie mense. Daar is baie maats wat nie geliefd voel nie en niemand het wat vir hulle lief is nie. Hulle voel baie alleen en wonder hoe dit voel om ‘n mamma en pappa of juffrou te hê wat vir hulle lief is en omgee. **Ek wonder vir wie het jy lief.**
4. **Almal het stimulasie nodig:** Stimulasie is wanneer jy kan speletjies speel om jou brein en liggaam te help om te ontwikkel. Dit is ook hoekom ons skool toe gaan, om gestimuleer te word om ons brein te ontwikkel. Daar is baie maats wat nie geleenthede kry om gestimuleer te word nie, so hulle breine kan nie ten volle ontwikkel nie. **Ek wonder wat doen jy om jou brein en liggaam te ontwikkel.**

Hierdie 4 goed kan ons help om **smart** te wees.

Ons kan dalk nie vir al die maats wat bv. nie ‘n huis het nie, ‘n veilige huis gee nie, maar ons kan tog help. Ons kan vir hierdie maats lief wees deur ook vir hulle te help om gestimuleer te word sodat hulle breine ook kan ontwikkel en hulle ook voel dat hulle nog meer **smart** is. Vir hierdie maats om **smart** te word, kort hulle ‘n kick start van SmartStart. Dan raak ons SmartKix!

Kom ons kyk na die volgende video’s wat vir ons verduidelik wat SmartStart doen.

<https://www.youtube.com/watch?v=B17viubWCLE>

<https://youtu.be/5cQDkwLfEY4>

SmartStart wil kinders van 3-4 jaar oud help om die nodige stimulasie te kry, maak nie saak waar jy bly of hoeveel geld jou gesin het nie. Hulle help vroue wat nie werk het nie om ‘n SmartStart groepie te begin daar waar hulle bly, en om deur die dinge wat ons weggooi te gebruik om kinders te help leer en groei. SmartStart wil teen 2025, dit is 5 jaar van nou af, 1 000 000 kinders in bekostigbare speelgroepe help om te ontwikkel, sodat ons almal **smart** kinders kan wees!

Ons ~~SmartKIX~~ projek van hierdie jaar wil SmartStart groepe help op 2 maniere:

1. Smartgeld waarmee hulle hulpmiddels kan koop
2. Smartstuff - baie van die dinge wat ons by ons huise weggooi, kan weer gebruik word in SmartStart groepies, soos leë melkbottels, bottelproppies, jogurtbakke en eierboksies

**Smartgeld:** Gebruik afskrifte van die sirkels en trek 'n skoenboks daarmee oor. Laat staan die boks regop en maak 'n gleufie aan die bokant sodat kinders geld daarin kan gooi. Elke keer wanneer hulle geld bring vir die projek, word dit in die *wotalotwegot* boks gegooi en kan die kinders 'n gekleurde plakker op 'n kleiner sirkeltjie binne in die groter sirkel plak, of dit inkleur. Probeer om julle *wotalotwegot* boks kleurvol te hê teen die einde van die jaar.

**Smartstuff:** Kry 'n groterige boks en trek sirkels daarop, of plak van die afskrifte daarop, saam met die woorde *wotalotwegot* (die verbuiging van die Smartie sjokolade boksies). Daag kinders uit om elke kwartaal ietsie anders van die huis af te bring wat weggegooi sou word, sodat ons dit kan gebruik vir ons Smartstuff projek. Soos wat hulle hulpmiddels bring, kan hulle sirkels op die boks inkleur.

Kwartaal 1 se herwinbare en herbruikbare produkte is roomysbakke, jogurtbakke, margarienbakke en plastiekproppe van enige kleur en grootte.


Kwartaal 2 se herwinbare en herbruikbare produkte is halfdosyn eierboksies (6 gaatjies) en bottelproppies.

Kwartaal 3 se herwinbare en herbruikbare produkte is toiletrolle en proppe.

Kwartaal 4 se herwinbare en herbruikbare produkte is 2 liter melkbottels.


**Kom ons wees hierdie jaar almal ~~SMARTKIX~~ en gee in ons omgewing vir SmartStart 'n KIXstart!**





Gebruik eie plakkers  
Use own stickers

X8  
Een vir elke kleur  
One for each colour



Kleur sommer kolle in  
For colouring in

X8  
Een vir elke kleur  
One for each colour

**what a lot we got**